

Saterdag 22 April

Skrifgedeelte: Matteus 12:22-37

Fokusgedeelte: Matteus 12:28

Christus verdryf duiwels deur die krag van die Gees!

Die duiwel is los in ons land.

Binne hulle sondige en eensydige lewensopvatting kom die Fariseërs tot 'n gevaarlike gevolgtrekking: Jesus dryf bese geeste met die mag van Beëlsebul uit. Die Fariseërs het altyd voorgehou dat die uitdryf van bese geeste deur hulle volgelinge slegs deur die medewerking van God geslaag het. Nou be-weer hulle dat Jesus deur Beëlsebul geeste uitdryf.

Hierteenoor stel Christus dan die ware toedrag van sake. Hy wys hulle daarop dat 'n koninkryk wat in homself verdeeld is, sal ondergaan. Hy dryf die bese geeste uit deur die Gees van God. Die Gees van God wys hier op die krag van God – Lukas praat van die vinger van God. 'n Regstreekse teëstelling: As dit deur die krag van Beëlsebul is nie, dan is dit deur die krag van die Drie-enige God. Daarom is dit sonde teen die Heilige Gees as die werke van God aan die duiwel toegedig word (vs 31).

Christus genees in die Naam van die Vader, deur die krag van die Gees van God. As die krag van God die krag van die duiwel uitgewerp het, dan het die koninkryk van God inderdaad gekom. Die Koningsheerskappy van Jesus Christus word verder geopenbaar met sy sterwe, opstanding, hemelvaart en heel besonderlik deur die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag.

Is die duiwel nie dalk los in hierdie land omdat ek nie elke oomblik deur die Heilige Gees in gehoorsaamheid aan die Woord lewe nie?

Sing: Psalm 119:10 (1936)

Ds. Simon Hibbert (Koster)